

Prediking:

1.

Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Die aangrypende woorde, die gebed, uiter Jesus soos die spykers deur sy gewrigte en enkels gekap word. Te midde van ondenkbare pyn en lyding bid Jesus en vra Hy dat Sy vader dié sal vergewe wat hom kruisig, wat Hom vermoor. Hy bid en pleit om vergifnis by God namens mense wat nie daarvoor vra of dit selfs verdien nie.

- Hy bid namens **Herodes en Pilatus** wat Jesus oorhandig om gekruisig te word terwyl hulle weet dat Hy niks verkeerd gedoen het nie. Beide van dié sogenaamde leiers van Israel kyk weg, was hulle hande in onskuld, soos 'n onskuldige man verneder en vermoor word.
- Jesus bid ook in die oomblik vir die **fariseërs, skrifgeleerdes en familiehoofde**. Dit is die mense wat deur jaloesie en vrees gemotiveer is. Hulle het gesien hoe Jesus se aansien groei, hoe sy magsbasis toeneem en hulle kon dit nie langer duld nie. *Wie was die timmerman wat durf waag om hulle in die openbaar uit te daag en te verneder? Die vermetelheid, die voorbarigheid, om alles, hulle kultuur en tradisies af te breuk.* En dan sê Hy nog dat hy die Seun van God is.
- Terselfdertyd bid Jesus vir die **Joodse volk**. Die mense wat een oomblik Jesus toejuig en die volgende oomblik skree “*kruisig hom*”. Dit is mense wat sekere verwagting vir die Messias gehad het. Hy moes met mag en vors regeer en Israel herstel tot sy vorige glorie. Maar wat kry hulle? 'n Gewone timmerman wat op die rug van 'n donkie ry.
- Natuurlik bid Jesus ook vir Sy **volgelingen** op die oomblik. Dalk kyk hulle van 'n afstand hoe die skouspel afspeel. Jesus bid in die oomblik vir die een wat hom **verraai** het, die een wat hom **verloën** het, vir die wat **getwyfel** het en nie in Hom **geglo** het nie. Hy pleit om vergifnis vir hul elkeen.

- Ek dink ook dat Jesus op die oomblik bid vir die **Romeinse soldate** wat Hom gevange geneem het, Hom geslaan en bespot het, wat Hom gezesel het en later ook spykers deur Sy gewigte en enkels kap. Die is mense wat slegs opdragte uitvoer – dit is maar net nog een man om te kruisig, een van baie. Jesus bid vir die mense, wat slegs opdragte uitvoer, wat nie ten volle verstaan wat hulle besig is om te doen nie.

Hier aan die kruis is Jesus in staat om verby Sy pyn, lyding en angs te kyk en namens mense bid. **Hy plet namens sondaar mense om vergifnis by Sy hemelse Vader.** Hy **vloek nie, hy skree nie,** nee Jesus **vergewe** die wat besig is om Hom te vermoor.

Elkeen wat daardie dag om die kruis staan **hoor** die aangrypende, skokkende, Goddelike woorde van Jesus.

En dan sterf Hy. Sy kop sak vooroor en Jesus blaas die laaste asem uit. Sy liggaam word van die kruis gehaal. Al wat oorbly is 'n leë, bebloede kruis.

2.

Gemeente.

- Ek wonder waarom die **Skrifgeleerdes, priesterhoofde, familiehoofde, fariseërs** dink soos hulle huis toe loop daardie Vrydag middag.
- Wat sê die **volk** vir mekaar, nadat hulle dit alles aanskou het, die woorde van Jesus gehoor het.
- Waaroor redeneer, argumenteer **Jesus se volgeling** daar waar hulle agter gelote deure skuil?
- En die **Soldate**, wat se gedagtes maal in hulle harte soos hulle Jesus se bloed van hulle hande was?

Ek wonder of die mense wat Jesus se woorde hoor – *Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie* - daaroor nadink soos hulle voortgaan met hulle

lewe. Daar waar hulle aan die tafel aansit of daardie aand in die bed lê en worstel om aan die slaap te raak.

Verstaan hulle die volle impak en volle omvang van die woorde van Jesus?

- Besef die Grieke, Romeine, Jode dat Jesus se woorde beteken **dat hulle sonde en skuld skoongevee** is.
- Dat hulle nou in Jesus 'n **nuwe begin geskenk word, dat hulle in Jesus 'n nuwe geboorte onvang?**
- Nog meer gemeente, besef die mense wat die woorde van Jesus hoor dat 'n **nuwe verhouding met God moontlik** is. Is dit nie juis wat vergifnis beteken nie. Dit wat voorheen skeiding in 'n verhouding gebring het, is nou uit die weg geruim. Die sonde en skuld wat voorheen die verhouding tussen God en mens versuur het, is nou met Jesus skoongewas.

Verstaan hulle die volle omvang van die gebeure en watse **vrede, troos en gemoedsrus** daarmee gepaard gaan?

Verstaan hulle dat die vergifnis wat Jesus hulle onverdiend skenk ook verder moet kring? Dat hierdie **vergifnis in hulle persoonlike lewe, asook in hulle verhoudingslewe met ander moet sigbaar word?**

As 'n mens in gedagte hou dat Jesus net 'n **paar dae later uit die dood opstaan** en hoe **vinnig die kerk in daardie eerste paar jaar gegroei** het, kan 'n mens nie vir een oomblik daaroor twyfel nie.

Die woorde van Jesus het op daardie dag nie net mense se lewens verander nie, maar ook die ganse wêreld.

3.

Die woorde van Jesus is natuurlik nie net gerig op die mense wat daardie dag om die kruis saamdrom nie. Jesus bid nie net namens Pilatus, Herodes en die fariseërs en skrifgeleerdes nie. Hy bid nie net vir die volk en die Romeinse soldate nie.

Nee, gemeente, Jesus se woorde – *Vader vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie* – ego deur al die eeue, tot en met vandag.

- Daar waar Jesus aan die kruis hang **bid hy vir ieder en elkeen wat al ooit geleef** het.
- Die wat ons voorgegaan het, die wat vandag lewe, en die wat nog gebore moet word.
- Netso bid Jesus op daardie oomblik nie net vir Christene nie, maar vir elke skepsel van God. Jesus bid vir elke persoon.

En ja gemeente, daar aan die kruis pleit Jesus ook **namens jou om vergifnis**.

Elkeen van ons wat vanoggend hier sit, **staan as't ware om die kruis**, ons aanskou Jesus se opoffering en hoor die kragtige woorde van vergifnis. Die daad, die woorde is ook vir jou bedoel sonder dat jy **dit verdien of selfs daarvoor vra**.

- Daar aan die kruis pleit Jesus om vergifnis by Sy Vader vir **ons ongeloof, ons twyfel, ons haat en jaloesie, ons selfsug en hebsug, ons liefdeloosheid en sonde**.
- Daar aan die kruis bid Jesus namens **die moordenaar en die dief, die bedrieër en leuenaar, die lafhart en die luiaard**.

En weet u gemeente? **Ons ontvang die vergifnis onverdiend – ons kan niks doen om dit te kry nie**. Anders gestel: daar aan die kruis, deur Jesus se opoffering, word ons skuld en sonde skoongevee en word 'n nuwe lewe en 'n nuwe verhouding in God moontlik. Ons verlede word skoongevee, en 'n sinvolle toekoms saam met God word moontlik.

Ons hoef niks meer te doen nie. Ons moet net glo. Die vergifnis wat ons ontvang is genoeg.

Die troos en hoop wat hierin opgesluit is aangrypend, selfs skokkend. Jou verlede, jou skuld is skoongevee, jy hoef nie langer skuldig te voel nie.

4.

Die vergifnis wat ons aan die kruis ontvang transformeer nie net ons verhouding met God nie. Nee gemeente, **En hierin lê miskien die moeilikste aspek van vergifnis**.

Die vergifnis wat ons so onverdiend aan die kruis ontvang, **moet ons ook uit dankbaarheid aan ons self en aan ander skenk.**

Netsoos Jesus bid: *Vader, vergewe hulle*, so moet ons ook bid ten opsigte van onself en ander, *vader vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.*

Hierdie vergifnis wat ons ontvang word eers volledig gerealiseer indien dit ook duidelik sigbaar word in ons lewe.

- Dit beteken dat ons in die eerste plek **onself moet vergewe**. Ons moet ons self vergewe vir al die leuens, jaloesie, afguns en haat. Ons moet ons eie liefdeloosheid teenoor onself vergewe. En per implikasie ook ons uiterste bes doen om dit wat ons verhouding met onself beskadig uit die weg te ruim.
- En tweedens beteken dit dat ons uit dankbaarheid vir ander **moet bid en om vergifnis moet pleit**. Dit beteken dat ons **ander moet vergewe net soos ons vergewe word**. Dit beteken dat ons die dinge wat ons verhouding met ons naaste vernietig uit die weg moet ruim.

Hoe doen ons dit, die amper onmoontlike taak? Kyk na jouself en na ander, kyk na jou verlede en jou hede, kyk na jou verhouding en wat dit beskadig en vra jouself af wat Jesus se wil vir jou en jou naaste is.

Daar is net een antwoord: vergifnis, versoening, vernuwing.

Mag die Gees ons hierin elke dag help. Amen